



Hoe goed moet jy wees om in die hemel te kom?

Baie mense dink as hulle genoeg goed doen of nie te veel kwaad nie, dan sal God hulle toelaat om in die hemel te kom. Met ander woorde, wanneer dit kom by die verkryging van die ewige lewe, dink hulle God gradeer volgens 'n kurwe. Hierdie aanname is gebou op sekere foutiewe denke.

Eerstens verstaan hierdie manier van denke nie dat God se standaard van goedheid absoluut is nie.

As iemand die ewige lewe kon verkry deur goed te wees, deur God se wette na te kom, of deur enige soort belofte te doen, dan sal sy of haar optrede volmaak goed moet wees omdat God volmaak goed is. Jesus Christus het geleer niemand is volkome goed nie behalwe God (Matt. 19:17; Rom. 3:9-12). Baie mense het 'n relatiewe indruk van goedheid, dit wil sê hulle kyk na ander om te sien hoe hul eie goedheid vergelyk. Natuurlik vind hulle dat hulle beter is as party en slegter as ander. Maar ander mense is nie die standaard van die hemel nie, God self is.

Tweedens is dit 'n fout om te dink dat 'n mens se beste goed genoeg is.

Die Bybel leer dat iemand se beste pogings om die ewige lewe te verkry, nie God se aanvaarding werd is nie (Jes. 64:6; Rom. 3:20; Ef. 2:8-9). Iemand sal God se standarde (soos weerspieël in Sy wette) perfek moet nakom en mag nie in selfs net een aspek of opdrag tekortskiet nie (Gal. 3:10; Jak. 2:10). Daar is altyd ruimte om te verbeter of meer toegewyd te wees, daarom is selfs 'n mens se beste prestasie nie goed genoeg nie.

Derdens is dit 'n fout om te dink dat 'n mens se probleem eenvoudig sy gedrag is.

Niemand kan die ewige lewe verkry deur uiterlike gedrag nie, maar net deur in Jesus te glo as Verlosser van sonde. Die Bybel leer dat sonde, nie sondes op sigself nie, ongeredde mense verhinder om God se lewe te ervaar. Sonde is die gevolg van 'n sondige toestand, baie soos wat 'n hoes en loperige neus die gevolg van 'n verkoue is. Terwyl ons die simptoom van die probleem (die hoes) kan behandel, moet die genesing afreken met die oorsaak of toestand (die verkoue). Die ongeredde mens se probleem is eerstens hul sondige geestelike

toestand waarin hulle vir God dood is (Rom. 3:18; Ef. 2:1). Daarom behandel verandering of verbetering van 'n mens se gedrag nie die probleem wat 'n ongeredde mens keer om die ewige lewe te hê en die hemel in te gaan nie.

Vierdens is dit 'n fout om te ignoreer wat God alreeds vir ons gedoen het.

God het sy Seun, Jesus Christus, gestuur om te doen wat niemand anders kon doen nie. Aangesien elke ongeredde persoon se pogings om goed te doen of goed te wees bevlek is deur sondigheid, moes iemand voldoen in God se eis vir geregtigheid namens elke persoon. Net Jesus kon dit doen, want as God die Seun was Hy sonder sonde en volkome aanneemlik vir God. Jesus het elke persoon se sonde op Homself geneem en die prys van die dood vir almal betaal (2 Kor. 5:21). Toe het Hy aan almal die geskenk van die ewige lewe gebied, wat deur geloof ontvang kan word (Joh. 1:12; 3:16; Ef. 2:8-9). Om te dink dat ons moet presteer beledig God en Sy perfekte geskenk as onvoldoende.

Gevolgtrekking

Niemand kan hoop om die ewige lewe te hê deur beter te wees as andere of deur goed genoeg te wees nie. Niemand se werke, wetsonderhouding, prestasie, toewyding, hervorming, berou vir sonde, weerhouding van sonde, doop, kerkbywoning, opretheid of goeie bedoelings is goed genoeg vir die hemel nie. Die enigste hoop is om te aanvaar wat God